16 Februarie 2026

# Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

ROMEINE 10:13 Elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal verlos word.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 16 Februarie** | • Playball<br>• A+ students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Little readers |
| **Dinsdag – 17 Februarie** | • EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Blaise Professionele tennisafrigting<br>• Super Somme (graad R)<br>• A+ students<br>• Krieket-akademie<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Woensdag – 18 Februarie** | **Boekkarakterdag: Trek aan soos 'n boekkarakter van jou keuse**<br>• Experi buddies<br>• A+ students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little readers |
| **Donderdag – 19 Februarie** | • **Tannie Patience verjaar! (Renoster- & Pandaklas assistent)**<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ students<br>• Blaise Professionele tennisafrigting<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Vrydag – 20 Februarie** | 😍 **SNOEPIEDAG** 😍<br>• Voortrekkers |

## KURRIKULUM

**GRAAD RR**

**TEMA: BOEKE**
Liedjie: Lees jou Bybel
Gediggie: Hompie Kedompie

**GRAAD R**

**TEMA: BOEKE**
Liedjie: Boekie, boekie in my hand
Gediggie: My boek

## VOORTREKKERS

Lig op die horison – Bronberg Kommandokamp

Die Bronberg Voortrekkers nooi alle kinders en gesinne (Voortrekkers én nie-Voortrekkers) hartlik uit na ons Kommandokamp van 6 - 8 Maart.

'n Naweek vol avontuur, kampvure, speletjies, spanwerk en nuwe vriendskappe wag op kinders vanaf graad R. Ons tema "Lig op die horison" herinner ons daaraan dat Voortrekkers voorlopers is – kinders wat met hul optrede lig bring, hoop wys en 'n positiewe verskil maak waar hulle is.

Elke graadgroep neem deel aan hul eie ouderdomstoepaslike spesialisasie-aktiwiteite.

- Hartbeesfontein Voortrekkerplaas, Dinokeng Wildreservaat.
- R650 per persoon – alle etes, kampkostes en aktiwiteite ingesluit.
- Veiligheid en toesig deur opgeleide Voortrekkeroffisiere, met ondersteuning van betrokke ouers.
- Skryf in deur die skakel te volg na die volledige kampbrief. Kampbrief

***Geen vorige Voortrekker-ervaring nodig nie – almal is welkom!***

Navrae: Lisa 083 279 1710 | Talita 076 325 3820 | Wilna 082 446 3385

## NUWE REGISTRASIES VIR 2027

- **Nuwe leerders** vir **2027** kan reeds geregistreer word.
- Die registrasievorm is op die skool se webblad beskikbaar. www.tygies.co.za

**LET WEL:** Die **huidige graad RR en R-leerders** sal hulle herregistrasievorms vir 2027 in kwartaal 2, ontvang.

## WEES MY HERO

Ons jaarlikse **Wees my Hero-fondsinsamelingsfunksie** vind hierdie jaar weer op **6 Maart** te Rolling Waters Country Estate plaas.

Kom wees deel van ons helde-gemeenskap en maak 'n verskil in 'n Tygie se lewe.
Want die Waarheid is: HELDE LAAT 'N ERFENIS.

- Koste per kaartjie beloop **R1 450** p.p.
- Volg hierdie skakel vir besprekings: https://forms.gle/hZaymk2UqfaCdTmY8

Vir enige navrae i.v.m. die funksie kontak me. Claire Braak by wmh@tygies.co.za.

Indien u graag 'n bydrae wil maak deur 'n veilingitem te borg, kan u me. Ardelle Scholtz per e-pos kontak by bemarking@tygies.co.za en die meegaande Google-vorm invul: https://forms.gle/jFS3s8rhAkDHHsWc7

Psalm 16:6: "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi."

## ARGIEF FOTO'S

**Aandag alle oud-Tygies!**

In die aanloop na ons Wees my Hero-projek met die tema "Helde Laat 'n Erfenis" het ons dit goedgedink om 'n informele foto-argief saam te stel waarmee ons Laerskool Tygerpoort en sy gemeenskap se ryk erfenis kan gedenk en bewaar.

Ons doen daarom 'n dringende beroep op u om enige foto's ouer as 8 jaar waaruit die skoolgronde, sportvelde, klasse, skooldrag, sportdrag, kaskar-projekte, plotjolle en verwante foto's duidelik blyk, vir ons op die Google Drive te laai: https://forms.gle/fdcXAo9UmUcFfGLJ7

Ons sal u hulp in hierdie verband hoog op prys stel en sien uit om al die kosbare foto's tot ons argief te voeg!


LAERSKOOL
DOELGERIG
TYGERPOORT
Tygies!
Graad RR, R & 1
OPEDAG
2026
21 Maart
09:00


HELDE LAAT 'N ERFENIS
• TYGIE-WAARHEID •
WEES MY HERO 2026
Datum: 6 Maart
Plek: Rolling Waters Country Estate
Tyd: 16:30
Koste: R 1450 per persoon
Drag: Formeel
TAFELBESPREKINGS


Boekverkoping
16 - 18 Feb 2026 - Juf Hannetjie se Kantoor
Kontant en Kaart
Little Books
www.littlebooks.co.za
7:00-8:00
13:00-14:30
Jaco Jacobs
Fanie Viljoen
Wendy Maartens
en nog baie meer ...
as ook Tippie, Krok en Dil
en Babalela
Ons verskaf die volgende boeke:
• Kleuterboeke • Badboeke • Storieboeke
• Aktiwiteit en plakkers • Kinderboeke • Tieners
• Resepteboeke • Voorgeskreweboeke • Tippie
• Krok en Dil • Mediasentrum • Tuisskool
• Christelike boeke en bybels • Klasleesgidse